
# VONKK 155
# Die Here Seën Die Mens
## (Psalm 73)




*Voorleser:*
Maar op ‘n dag het ek begin wonder: / "Waarom gaan dit so goed met goddelose mense?" /
Hulle lewe lekker, luuks en sorgvry, / hulle pleeg moord, pleeg bedrog en is skatryk, /
hulle spog, hulle vloek en spot met God! /
Toe het ek begin twyfel aan hierdie woorde: /

*Keervers*:
**Die Here seën die mens wat naby Hom wil bly en wat opreg voor Hom hul lewe lei.**

*Voorleser:*
Help dit ooit dat ek die Here dien? / Waarom gaan dit so sleg met my? /
Ek kon dit nie verstaan nie! / Totdat …. .ek eendag in God se heiligdom kon kom /
en kon besef waar slegte mense eindig:/ Geld kan hulle nie red nie! /
Hulle lewens eindig in chaos! /
U blaas hulle weg soos stof! /

*Keervers*:
**Die Here seën die mens wat naby Hom wil bly en wat opreg voor Hom hul lewe lei.**

*Voorleser:*
Al was ek dom, was U by my…. / Al kwyn ek weg, bly U my krag…./
U vul my hele lewe…./ U lei my met u hand…./ U is my ewige huis.

*Keervers*:
**Die Here seën die mens wat naby Hom wil bly en wat opreg voor Hom hul lewe lei.**

*Psalm 73*
Teks: Driekie Jankowitz 2011 *(Pro Deo - postuum)*
Melodie: ELISENHEIM – Jacus Krige 2011
Orrelbegeleiding: Jacus Krige 2011; aangepas deur Albert Troskie 2012 *(Pro Deo)*
© 2012 VONKK Uitgewers (admin Bybel-Media)

**RUBRIEK: Kontemporêr – Geloof en Vertroue**

VONKK